# TOM NEWBY SCHOOL TOETS

| Vak | Afrikaans Addisionele Taal | Eksaminator | Mev. PE Theron |
|---|---|---|---|
| Datum | Junie 2021 | Totaal | 40 Punte |
| Sessie | 1 | Tyd | 1 uur |
| Graad | 4 | Moderator | Me. M Botha |
| Spesiale instruksies/ toerusting | Instruksies<br>• Lees jou vrae goed deur.<br>• Moenie enige oop spasies los nie.<br>• Skryf netjies en leesbaar.<br>• Geen woordeboeke. | | |
| Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting materiaal. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem. | | | |

**Naam: __________________________ Van: ______________________ Graad 4: _____**

**Hierdie vraestel bestaan uit:**

| | | |
|---|---|---|
| Vraag 1: | Literêre / nie-literêre teks | (15) |
| Vraag 2: | Visuele teks | (10) |
| Vraag 3: | Opsomming | (5) |
| Vraag 4: | Taalstrukture en -konvensies | (10) |

## Vraag 1: Literêre en nie- Literêre teks [15]

**Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.**

1 "Het ma vergeet? Die dag van Jacksonville Primêre Liga se finale skole sokkerwedstryd het aangebreek!"

2 Een Saterdagoggend, het Tumi geklee in sy sokkerspan se t-hemp opgewonde rond gehardloop


3 Met sy vuvuzela in sy hand, hardloop hy na die skoolpark toe. Soos hy stap groet hy almal en vra dat hulle sy span moet ondersteun. Met sy aankoms by die sokkerveld het hy gou vir hom 'n sitplek in die voorste ry gaan soek

4 Die skeidsregter blaas sy fluitjie. Die wedstryd het begin. Tumi het gesing en op sy vuvuzela geblaas

5 Beide spanne het gesukkel om punte aan te teken en die eerste helfte het geëindig sonder enige doele. Sommige toeskouers was baie ongelukkig omdat daar nog nie doele was nie

6 In die tweede helfte het Tumi nogsteeds sy span aangemoedig, maar die slag het hy van die pawiljoen afgeklim en langs die veld gehardloop. Sy span het vier doele aangeteken. Die skeidsregter het die eindfluitjie geblaas. Tumi se span wen!

7 Tumi het gillend en singend huis toe gegaan



Aantal woorde:168
Gerskryf: L. Theron

**1.1** Omkring die letter langs die korrekte antwoord. **(1)**

… is die hoofkarakter in die storie.

A Tumi se ma

B Die skeidsregter

C Tommie

D Tumi

**1.2** **Omkring** die letter langs die korrekte antwoord. **(1)**

Die storie gaan oor (vuvuzela / sokker / rugby / skool).

**1.3** Is die volgende sin **Waar** of **Vals**? **(1)**

Die belangrikste karakter in die storie is Mamma. ________________________

**1.4** Is die volgende sin **Waar** of **Vals**? **(1)**

Die sokkerwedstyd was op die sokkerveld gespeel. ______________________

**1.5** Op watter dag is die wedstryd? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.6** Watter klere het hy aangetrek? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.7** Waar gaan sit hy? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.8** Wie blaas die fluitjie? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.9** Wat het hy in sy hand terwyl hy hardloop? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.10** Soos wat Tumi stap groet hy almal. Wat vra hy hulle om te doen? **(1)**

_________________________________________________________________

**1.11** Tumi het van die pawiljoen afgeklim en langs die veld gehardloop. **(1)**

Waarom dink jy het hy dit gedoen?

Skryf slegs een sin.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**1.12** Voltooi die volgende sin. **(1)**

Sommige van die ondersteuners was ongelukkig omdat __________________

______________________________________________________________

**1.13** Waarom was Tumi na die wedstryd so gelukkig? **(1)**

Skryf slegs een sin.

Tumi was gelukkig omdat __________________________________________

______________________________________________________________

**1.14** Gee een rede waarom jy dink Tumi opgewonde was om op ’n Saterdag-oggend skool toe te gaan. **(1)**

Tumi __________________________________________________________

______________________________________________________________

**1.15** Het jy van die storie gehou? Gee ’n rede. **(1)**

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**Totaal Vraag 1:____/15**

**Vraag 2: Visuele Teks [15]**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae wat volg.



**2.1** Watter tipe dier is op die prent? **(1)**

Dit is ŉ _______________

**2.2** Voltooi die sin. **(1)**

| | | |
|---|---|---|
| rond | vierkantig | driehoekig |

Die vorm van die oë is _______________

**2.3** Kies die regte antwoord. **(1)**

Kan diere in die regte lewe musiekinstrumente speel?

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

**2.4** Omkring die regte letter. **(1)**

Watter item is op sy kop?

A Serp

B Skoen

C Hoed

D Hemp

**2.5** Onderstreep die regte antwoord. **(1)**

Die dier swem na die (linkerkant / regterkant) toe.

**2.6** Hoeveel oë het hierdie dier? **(1)**

Die dier het ____________ oë.

**2.7** Dink jy hierdie dier is gelukkig of ongelukkig? **(1)**

______________________________________________________________________

**2.8** Watter tipe musiekinstrument is in sy mond? **(1)**

______________________________________________________________________

**2.9** Verduidelik waar hierdie dier woon. **(1)**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**2.10** Kan 'n mens hierdie dier op die prent eet? **(1)**

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**Totaal Vraag 2:____/10**

## Vraag 3: Opsomming [5]

Rangskik die volgende sinne in die regte volgorde. Skryf die letter wat pas, langs die nommer.

**A.** Daarna gaan hy na die skoolpark toe. **(1)**
**B.** Op die einde het hy gillend en singend huis toe gegaan. **(1)**
**C** Met sy aankoms het hy hom na die sokkerveld gehaas. **(1)**
**D.** Tumi het sy span aanhou ondersteun. **(1)**
**E.** Een Saterdag wou mamma weet waarheen Tumi gaan. **(1)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 2. | 3. | 4. | 5. |

**Totaal Vraag 3:_____/5**

## Vraag 4: Taal in konteks [10]

**4.1** Gee die meervoud vir **sokkerspan**. **(1)**

Een sokkerspan, baie __________________

**4.2** Skryf 'n sinoniem vir **lawaa**i uit paragraaf 4 neer. **(1)**

lawaai – ________________

**4.3** Skryf die teenoorgestelde van **begin**. **(1)**

Begin - _________________

**4.4** Vul die regte voornaamwoord in die volgende sin in. **(1)**

**Tumi** het 'n vuvuzela. Dit is **sy** vuvuzela. Die Vuvuzela is ______.

**4.5** Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord, **want**. **(1)**

Tumi was baie gelukkig. Sy sokkerspan het gewen.

______________________________________________________________

**4.6** Onderstreep die **bywoord** in die volgende sin. **(1)**

Tumi het die hardste gesing.

**4.7** Vul die **leesteken(s)** in. **(1)**

Het jy vergeet

**4.8** Voltooi die sin deur die regte **voorsetsel** in te voeg. **(1)**

Hy het gou vir hom 'n sitplek __________ die voorste ry gaan soek.

**4.9** Kies die korrekte spelling. **(1)**

Tumi se span het die (**wedstryd / wedstryt**) gewen.

**4.10** Verdeel die volgende woord in **lettergrepe**. **(1)**

wedstryd = ____________________

**Totaal Vraag 4:____/10**

**Graad 4 Afrikaans FAL Junie Eksamen 2021**

Prestasie evaluering
(vir onderwyser gebruik alleenlik)

Naam en Van: ___________________________________________ Klas: 4 ___________

Vraag 1:

| Vraag nommer | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 | 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder Punte | | | | | | | | | | | | | | | |

Totaal:_____

Vraag 2:

| Vraag nommer | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 | 2.8 | 2.9 | 2.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punte | | | | | | | | | | |

Totaal:_____

Vraag 3:

| | |
|---|---|
| Vraag nommer | 3 |
| Moontlike punt | 5 |
| Leerder punt | |

Totaal:_____

Vraag 4:

| Vraag nommer | 4.1 | 4.2 | 4.3 | 4.4 | 4.5 | 4.6 | 4.7 | 4.8 | 4.9 | 4.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Moontlike punt | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Leerder punte | | | | | | | | | | |

Totaal:_____